Onder die delwers was „Springbok" meer bejammer as verag, en so nou en dan, as sy klere nou alte stukkend en verslyt was, gee die een of die ander hom 'n ou broek of 'n hemp, wat hy dan weer van tyd tot tyd so gelap het, dat dit baie na die dop van 'n skilpad gelyk het, wat met al die kleure van die reënboog versier was.

„Springbok" het almôres so krom-krom na sy werk toe gestap, en as hy dan klaar het, weer net so terug na sy verblyf toe gegaan.

Op 'n goeie dag het hy, soos al meermale gebeur het, nie opgedaag nie, en so teen die agtermiddag, toe een van die delwers in die rigting van „Springbok" se huis gekyk het, en sien dat die deur daarvan nog toe was, merk hy op: „Springbok" het seker gister 'n diamant gekry, wat hy gaan verkoop het!

Die volgende dag was die deur nog toe, en die daarop volgende dag ook; en toe het die delwers onder mekaar besluit om te gaan kyk of daar nie altemit iets verkeerd is nie.

Toe hulle by die huisie kom, bemerk hulle dat die deur, deur middel van 'n klip wat daar teen gesit was, van die binnekant af toegemaak was, maar hulle het dit gemaklik oopgedruk.

By hul binnekoms ontwaar hulle dat die ou vertrekkie in 'n allerbetreurenswaardigste toestand verkeer het. Die vloer was skynbaar in g'n jare gevee nie en was oortrek met sand en as. In die middel daarvan was die vuur-

maakplek, met nog so'n paar half uitgebrande stompies. Vlak daarnaas het 'n driebeen pot gestaan, wat voldoende bewys daarvoor gelewer het, hoe dit by 'n laaste geleentheid met die vingers skoon gevee was, om dit van alle voedsel, wat daarin mag gewees het, te ontdoen.

By die pot het 'n emmer, met 'n houtboom, onderstebo gestaan, wat as sitplek gebesig is; en daarnaas was 'n blikbord, half bedolwe in die sand. In die een hoek het 'n parafienblik gestaan, met nog 'n bietjie water daarin. En aan die muur, aan 'n houtpen, het 'n ou broek gehang wat so ellendig was dat g'n kaffer dit sou aangetrek het nie.

Die bed was van doringboomlatte aanmekaar gekoppel, met 'n sakmat daarop, en die beddegoed het bestaan uit een ou verslyte katoenkombersie, en 'n suikersakkie met gras daarin toegeknoop, wat as kussing diens gedoen het.

Die bed het altyd oor 'n wakis gestaan, om dit te bedek, maar soas die delwers nou bespeur, was dit opsy getrek; die kis teen die muur was oopgemaak, en moes hulle die verbasende ontdekking doen dat dit driekwart vol met goud was!

Vlak voor die kis sit „Springbok", met die hande so diep as hy daartoe in staat was, in die geld geboor: Morsdood!

## Van Paardeberg na Ceylon.

Onmiddellik na die oorgawe van Cronjé op Paardeberg, op die môre van die 28ste Februarie 1900, het 'n Engelse afdeling opgedaag om die wapens, ammuniesie en ander krygsmateriaal in beslag te neem.

Een van die Engelse generaals merk toe, in goeie Afrikaans op: „Toe, kêrels! maak nou net so gou as julle kan, want ons vermoed dat julle maar seker 'n bietjie uitgehonger sal wees, en daar in ons kamp wag vir julle 'n heerlike brekfis; en ook staan al die waens waarmee julle moet vervoer word, in gereedheid."

Die Engelse kamp was ongeveer 'n twee myl van die boerlaer verwyderd, maar met hulle walglike formaliteite van staan hier en staan daar, en maak sus en maak so, het die burgers eers drie-uur die agtermiddag die Engelse laer bereik waar toe aan hulle blikkies met beesvleis, sonder iets anders, verstrek is. Dit was dan die „heerlike brekfis" waarvan dié môre gewag gemaak was!

Dit skyn toe asof die Engelse soldate nog meer uitgehonger was as die burgers, want hulle het nes vlieë toegeval waar 'n blikkie oopgesny word.

Die welwillende informasie verstrek deur die generaal,

met referte tot die waens wat in gereedheid sou gewees het om die burgers mee te vervoer, was onwaar, en moes hulle die ent na Twee Riviere te voet aflê.

Van daar is hulle per spoor na Kaapstad vervoer, en onmiddellik by aankoms op transportskepe geplaas, wat toe met die krygsgevangene na Simonsbaai vertrek het.

Die see was maar baie onstuimig, en die skepe het daar skynbaar 'n groot behae in geskep, want hulle het alte danig op en af gekerjakker oor en deur die branders.

Op die krygsgevangene, wat aan so iets nie gewoon was nie, was die uitwerking nou nie alte gunstig en plesierig nie, want met die rol van so 'n skip glip die krygsgevangene, wat nie vashouplek het nie, nes stukkies seep oor die nat dek van die een na die ander kant, en pas is hulle daar of hulle moet nolens volens alweer terug seil.

Nou kan mens glo dat die meeste van hulle maar te danig „kalwers ingespan" het en ook gebruik gemaak het van baie onbybelse taal.

In die rumoer, terwyl die skip nou bokspring soos 'n jong perd, skree een hier agter met so 'n benoude stem, terwyl hy besig was om die „visse kos te gee": „Gooi die anker!" En nodeloos om te sê dat hulle dit nie gedoen het nie!

'n Ander, terwyl hy sy maag met altwee sy hande vashou, en benoudheidstrane hom oor die wange rol, en tegelykertyd sy mond leegmaak van iets wat hom

gehinder het, sê in diepsinnige woede: „Nou verkoop ek my onafhanklikheid wragtie vir 'n sikspens as ek net uit die hel van 'n skip kan verlos word!"

Vlak voor die mas staan 'n bejaarde Boer, en met terneergeslae blik, sê hy met 'n sug: „Ja, 'n Engelsman is nes 'n krokodil; soos hy 'n Boer vang, dan moet die water toe!"

Toe alles nou tot stilstand gekom het, en die skip geanker was, vra een van die krygsgevangene aan 'n maat van hom: „Flippie, sê nou die Engelse sou 'n voorstel aan jou maak, om jou hierdie skip te gee vir daardie plaas van julle, wat sal jy sê?"

„Wat sal ek sê?" herhaal Flip met opgewonde veragting, „ek sal niks sê nie, maar ek sal hom 'n opstopper gee, wat hy inderewigheid nie sal vergeet nie.— Plaas verruil!" herhaal hy weer met verontwaardiging, en stap toe weg; waaruit sy maat al dadelik tot die gevolgtrekking gekom het, dat Flip nog geen plan het om 'n skip te ruil nie.

Een deel van die krygsgevangene is toe na St. Helena vervoer, en die ander deel, nadat hulle 'n maand op see was, na 'n daarvoor bestemde kamp in Simonstad.

Deurdat die meeste van die krygsgevangene toe al baie swak in die klere was, moes menigeen, wat daartoe in staat was, hom van sy kombers bedien.

Nadat hulle 'n ruk in die kamp was, word daar op 'n goeie dag bondels met gebruikte komberse afgelaai, wat bedoel was as beddegoed vir die gevangene. Maar

die komberse het so gewemel van ongedierte dat dit werklik tot skande en oneer van die outoriteite gestrek het, en nog meer omdat dit uitgereik is aan persone wat in 'n hulpelose toestand verkeer het en verplig was daarvan gebruik te maak onder die omstandigheid.

Die burgers het toe eers die komberse vir 'n dag of wat begrawe, en dit daarna in die son oopgegooi, en dit sodoende gesuiwer.

Nie alte lank daarna nie is die gereinigde komberse deur die outoriteite weer ingeneem, en in ruil daarvoor is weer 'n ander besmette lot die kamp ingevoer. Deurdat die gevangene toe al min of meer geholpe was deur die gewaardeerde liefdadigheid van hulle koloniale stamgenote, het hulle geweier om die besmette komberse in ontvangs te neem, en dit net daar gelaat waar dit afgelaai was.

Die lewe van 'n krygsgevangene is allesbehalwe benydenswaardig, nie alleen omdat hy verwyderd is van sy dierbare, en afgesluit van alle voorregte, en onder streng bewaking verkeer dag en nag nie, maar omdat hy gedurig geteister word deur een of ander nuwe en onnodige militêre maatreël, om sy reeds byna ondraaglike lewe nog ondraagliker te maak.

G'n wonder dan dat 'n plan op tou gesit is om uit te tonnel nie. Die plan was byna uitgevoer, toe een of ander skurk dit verraai het, en per slot van rekening is 'n veertigtal die dag aangesê om hulle in gereedheid te hou vir Ceylon.

Die veertigtal is toe na Kaapstad vervoer, en aan boord van die Catalonia, of „Katkolonie", soos die Boere dit genoem het, geplaas, met 'n afdeling van die kommando van Generaal Prinsloo.

Op die „Katkolonie" het die penkoppe 'n man ontdek met die naam van Saais, en net toe hulle Saais gewaar, was die algemene uitroep: „O kragtie! hier is Saais!" „Saais!" roep hulle tegelyk uit, „waar is die merrie en die uie?"

By nader ondersoek blyk dit toe dat Saais kok was by een van die kommandos, en op 'n goeie dag 'n voorstel gemaak het dat hy, met 'n merrie wat hy had, sou gaan uie haal. Die voorstel was aangeneem, maar nooit het hulle weer iets van Saais en die uie verneem nie.

„Julle moenie praat nie!" sê Saais, die josie in. „Die Engelse het my gevang en die uie ook. Loop vra dit vir hulle."

Die maklikste sitplek op dek was 'n anker wat daar gelê het, en wat volgens die gewig wat daarop gedruk was, veertigduisend pond geweë het.

„Skepsels ons!" sê 'n kêreltjie, wat daarop gesit het „dis darem 'n groot stuk yster, en hy weë seker 'n duisend pond."

„Wat!" sê 'n ou kêrel wat naas hom sit, „hy weë minstens 'n drieduisend pond! Wat praat jy van duisend pond!"

Die reis van Durban af tot in Colombo-hawe het vyf-en-twintig dae geduur, en in die tussentyd het

hulle nooit land gesien nie, en toe die groen gebergtes van Ceylon nou sigbaar word, merk 'n ander ou kêrel op: „Die hemel sy dank, daar is tog weer land, na die vyf-en-twintig vervelende dae, van net water waar jy kyk."

Naas hom het 'n seun gestaan, en die opmerking gehoor; hy vra toe ewe ongeërg aan die ou: „Hoeveel bottels water skat oom dit hiervandaan na Durban toe?"

„Wat die ongeluk, seun!" antwoord die ou, „is jy malkop? G'n man kan jou dit sê nie. En weet jy dat as die kol water wat ons oorgekom het moet droog wees, dan sal die Groot- en Vaalriviere, as hulle sou vol bly, dit nie in veertien dae kan volloop nie! Wat praat jy nog van bottels water! Julle jong mense," las die ou verder aan, „sal nog moet baie leer in die ou wêreld voordat julle weet hoeveel blou boontjies vyf maak!"

Van Colombo, per spoor, deur palmbedekte vlaktes, langs rysvelde en teeplantasies; deur klowe versier met pragtige watervalle, en deur berge en dale almal bedek met lieflike groen, bereik die krygsgevangene uiteindelik en tenlaaste hulle bestemming: Diyatalawakamp.

Die kamp, 'n taamlik uitgestrekte, bevat ongeveer 'n honderd hutte, 'n rekreasiesaal, en 'n „ongeregshof".

Hier was die lewe, alhoewel ook maar eentonig, tog meer gesellig.

Die voedsel wat die krygsgevangene hier van voorsien geword het, was van die swakste. Dit het bestaan uit 'n kommetjie swart koffie, met 'n stuk droë grofbrood

vir brekfis. 'n Stukkie vleis, 'n ertappel, en van die allergemeenste rys, vir middagete; en in die aand 'n kommetjie koue tee en 'n stukkie droë brood. En die rede waarom die tee koud was, was omdat vuur in die kamp vanaf eenuur namiddags verbode was.

As vasgekeerde, en ontstoke van byna alle voorregte, en gedurig blootgestel aan die oortollige en ergerlike formaliteite van die outoriteite, moes die krygsgevangene hulle onderwerp, en onder die omstandigheid trag om van 'n slegte saak 'n goeie te maak.

So het die burgers dan, na gelang van omstandigheid, met een of ander onskuldige tydkorting afleiding gesoek om nie wanhopig te word nie.

In die kamp het die penkoppe 'n Kajuitraad gevorm en as iemand, volgens hulle sienswyse, nie „volkome in die spore van geregtigheid wandel nie", dan moes hy straf ondergaan, wat bestaan het uit 'n paar rapse met 'n plak.

Een van die kakie-poliesie, op diens in die kamp, met name Jim, is ook deur die „Raad" veroordeel tot 'n pak, wat bestaan het uit vyf houe met die plak. Jim het ewe gewillig dwarsoor die katel gaan lê, en ontvang toe sy slae.

Net toe hulle besig was om met Jim af te reken, het 'n Engelse offisier sy verskyning in die deur van die hut gemaak, en met verontwaardiging die spul daar gadegeslaan.

Met die laaste hou het Jim orent gespring, en gewaar toe, tot sy grootste skrik, die offisier. Skielik

pluk hy sy twee voete bymekaar, en staan so regop as 'n laaistok, en slaan toe aan, met: „Alles korrek, meneer!"

„Alles korrek!" herhaal die offisier so smalend. „Neem hom weg!"

En daar trek Jim kakietronk-toe, om hom met „saalpak" te gaan vermaak.

„Mot", een van die krygsgevangene, was 'n kêrel van ongeveer vyf-en-twintig jaar, met so'n ingevalle spits gesig, en wonderlik groot neus, en daarby twee nou ogies, wat baie na skeurtjies gelyk het; hy kon hom so onnosel hou maar hy was dit glad nie.

„Mot" had die gewoonte om die kamp te deurkruis, gekleed in 'n wit broek, 'n swart manel, en 'n harde-bol-keiltjie op sy kop, terwyl hy op die een oog 'n oogglas vasknyp.

Deur sy opgeruimde en opregte Afrikaner hart, wat die Engelse dwars in die krop gesteek het, was hy byna meer in tronk as daarbuite.

Op 'n goeie dag word „Mot" in kennis gestel dat hy weer as na gewoonte, die volgende môre om tienuur voor die kolonel moes verskyn. Onmiddellik na ontvangs van die berig het hy sy kop met 'n skeermes laat kaal skeer, en die Tranvaalse wapen prominent daarop laat afteken.

Op die voorgeskrewe tyd het „Mot", uitgedos as hierbo vermeld, sy verskyning in die kantoor van die kolonel gemaak, en sonder enige formaliteit, met hoed op die kop, reguit na die tafel gestap, waar die kolonel

gesit het; in vooroor geboë houding, terwyl hy die tafel weerskante met sy hande beetpak, kyk hy die verslae kolonel vlak in sy gesig, met 'n onverskrokke: „En toe, wat nou?"

„Haal af jou hoed!" brul die kolonel; wat „Mot" toe ook doen, en dit ewe ongeërg op die tafel, vlak voor die kolonel neersmyt, en sy kop so laat sak dat die wapen mooi sigbaar was.

Die kolonel was heeltemal uit die veld geslaan, en sonder iets te sê, het hy haastig 'n briefie aan die kampkommandant geskrywe dat hy 'n mediese ondersoek op „Mot" moes laat instel, daar hy van oordeel was dat „Mot" deurmekaar was.

Die briefie, nadat hy klaar geskrywe het, het hy toe gevou en aan „Mot" gegee om aan die kampkommandant af te lewer.

Op weg daarheen het „Mot" doodeenvoudig die briefie oopgemaak, en die inhoud gelees, en dit toe stukkend geskeur. Hy het toe 'n ander briefie geskrywe, en die naam van die kampkommandant daar onder gesit, en dit by die hospitaal afgegee. Die inhoud daarvan was, dat die kampkommandant 'n sterk vermoede het dat die kolonel 'n streep het, en dat die dokters versoek word om 'n behoorlike ondersoek in te stel.

Weens die onverskrokke en heldhaftige ywer, aan die dag gelê, was die Geregshof altoos besig, en die tronk altoos vol.

As 'n man gearresteer word, bring hulle eers na 'n

militêre tronk, bestemd vir krygsgevangene, en alwaar hulle moeŝ bly totdat hulle gevonnis is.

Die vertrek was ongeveer twaalf by twaalf voet groot, met 'n plankvloer, en die mure ook met planke uitgevoer, was versierd met die name van honderde krygsgevangene, wat daarop met 'n knipmes uitgesny was.

Aan een kant van die plankmuur was die wapens van die Transvaal en Vrystaat, omtrent vyftien duim hoog, uitgesny, met: „Lank lewe die Presidente!" daaronder.

Daar was altoos min of meer van vyftien tot twintig op vonnis wagtende prisoniers in die tronk aanwesig, wat terwyl hulle plat op die vloer op hulle komberse sit, en met die rug teen die muur leun, hulle besig gehou het met nuwe inkomelinge.

Sodra hulle bemerk dat daar weer een sal binnegebring word, heers daar 'n doodse stilte, totdat die persoon binne kom, wat dan gewoonlik, met kombers onder die arm, verbouereerd stilstaan, terwyl al die oë op hom gevestig is, en hy ook tegelykertyd rondkyk of hy nie altemit 'n bekende gewaar nie.

„Wat die ongeluk het jy weer aangevang? Skaam jy jou nie dat jy jou vandag in so 'n lae plek bevind nie? Begryp 'n bietjie! as jou ouers dit moet te hore kom, dat hulle seun, van wie hulle so 'n hoë verwagting gekoester het, in die tronk is — wat sal hulle dan sê?" vra een van hulle.

„Ja, kêrels!" antwoord hy dan met 'n diepe sug, „ek is net so onskuldig as een van julle. Julle sien, die

ding het só gekom: daar was 'n twis oor 'n paar skoene, en ek het hoegenaamd niks met die saak te doen gehad nie, en toe ek my weer kom kry, toe vang hulle my!"

En daar dreun dit soos die spul lag, omdat die nuwe gevangene ook onskuldig was; want man vir man wat inkom vertel dieselfde storie, dat hy per abuis gevang was.

Een aand het 'n meneer Cloete 'n besoek gebring aan een van die hutte, met die doel om aan die hut-kaptein daarvan, mee te deel dat hy op sy hoede moes wees, daar die leë plek in sy hut die volgende dag opgevul sou word deur 'n sekere persoon, met die naam van Raaf. „Raaf" sê hy, „kom van Mount Lavinia af, en is aangestel, deur die outoriteite, om as spioen in hierdie hut diens te doen."

Die hut-kaptein het Cloete, by sy vertrek, bedank vir die informasie, maar het somar by homself gedink, dat dit pure bog was, want waar wou Cloete nogal aan die informasie gekom het, daar alles deur die outoriteite so geheimsinnig moontlik uitgevoer word.

Maar wat die hut-kaptein ook al gedink het, was dit tog 'n feit, want die volgende dag het Raaf sy verskyning gemaak, en meegedeel dat hy van Mount Lavinia afkomstig was, waar hy as 'n sieke verpleeg was, maar nou weer hersteld was.

„Aan watter kommando het jy behoor?" vra die hut-kaptein, „toe jy in Suid-Afrika was?"

„Aan die van Generaal De Wet," was die antwoord.

„En nou?" vra die hut-kaptein verder.

„Nee," antwoord hy met 'n glimlag, „nou behoort ek nie juis aan 'n kommando nie. Ek is nou krygsgevangene."

„Nee," laat die hut-kaptein daarop volg, „jy is nie krygsgevangene nie, maar 'n skurk van 'n spioen van die Engelse. En jy moet aan jou base vertel dat ek al gister die informasie in hande had van jou koms hierheen, en dat hulle in die vervolg 'n bietjie versigtiger moet handel; en kyk hier, neem van my 'n raad aan en maak jou so gou uit die voete as wat jy daartoe in staat is."

Die daarop volgende dag het Raaf spoorloos verdwyn, en nooit is weer iets van hom in die kamp verneem nie.

(Jare daarna het die hut-kaptein, Cloete in Suid-Afrika weer ontmoet, en op 'n vraag het Cloete aan hom meegedeel dat die informasie aan hom verstrek was deur een van die dokters, wat destyds daar werksaam was, en wat teenswoordig was toe die besluit geneem is.)

'n Paar dae daarna is die hut-kaptein, met nog dertig van die krygsgevangene opgepak, en vir die nag in 'n tronk opgesluit om die volgende môre van daar na Ragama vervoer te word, en die rede wat die Engelse daarvoor gegee het, was dat hulle bevrees was vir 'n kampaanval, en dat die een-en-dertig gearresteerde, beter by so'n geleentheid, buitekant die kamp as daarin was.

Die veronderstelling was darem nie 'n onjuiste nie, want die Boere het nog dieselfde aand uitgetrek, en goed sorg gedra dat die dokters die ander dag môre hulle hande taamlik vol had in die hospitaal.

Op Ragama was twee krygsgevangene-kampies, wat bedoeld was vir die uitlanders, wat saam met die Boere geveg het, maar later as strafkampe gebruik is.

Die gevangene daar het geweier om die bevel van die outoriteite uit te voer, om 'n hut-kaptein te kies. En op grond daarvan word toe aan hulle by 'n Nuwejaarsfees meegedeel, dat was dit nou nie dat hulle geweier het om 'n hut-kaptein te kies nie, hulle geregtig sou gewees het om 'n bietjie drank, by dié geleentheid te koop.

Onmiddellik daarna het hulle 'n sekere Murray, wat nie 'n woord Engels kon praat nie, as hut-kaptein aangestel, en die drank gekry ook! En na die feesviering het Murray doodeenvoudig sy betrekking neergelê!

Uiteindelik het hulle tog besluit, omdat daar g'n gevaar aan verbonde was nie, om 'n hut-kaptein te kies, en so is 'n Fransman, met name Bartolet, wat maar baie gebroke Engels gepraat het, aangestel.

Die outoriteite het toe aan Bartolet opdrag gegee, om 'n lys op te maak van die name van al die persone wat onder hom ressorteer, met hulle respektiewe professies.

Dit is gedoen, maar die professies wat aan hom verstrek word deur die betrokke persone, was van die

volgende aard: „dolosgooier", „lappies-smous", „gifdokter", „Kafferpredikant", „viswyf", „hondevanger", ens. En verder was die lys in so 'n betakelde toestand, dat dit totaal onbruikbaar was.

By oorhandiging van die lys aan 'n sersant, wat gekom het om dit in ontvangs te neem, het hy sy bittere ontevredenheid uitgedruk, omdat die lys in so 'n afskuwelike toestand verkeer het, en merk toe op: „A nee, kaptein, dit sal nooit gaan nie."

„Nou toe dan," sê Bartolet, „as dié een nie goed is nie, dan kan jy self 'n ander uitmaak."

Die sersant het toe so gemaak, maar met die opgawe van die professies het hy „gehandsop", en net so onverrigtersake vertrek.

Die gevangene van die twee kampies, alhoewel hulle geregtig was na enige oord te skrywe, was nie toegelaat om met mekaar te korrespondeer nie.

Tog het hulle met mekaar 'n briefwisseling gehou, en op 'n wyse wat die outoriteite nooit agtergekom het nie.

Tussen die twee kampe was 'n hospitaal geleë, en die afdeling van No. 1-kamp wat die hospitaal besoek, laat die briewe bestemd vir No. 2-kamp op 'n gegewe plek, daarvandaan word hulle dan deur die hospitaalbesoekers van No. 2-kamp geneem, en die briewe bestemd vir No. 1 word weer daar gelaat, en bereik die volgende dag hulle bestemming.

Val daar nou iets dringends voor wat nog dieselfde dag die ander kamp moet bereik, dan word die brief

doodeenvoudig aan die posbeampte, wat belas is met uitdeel van die briewe, sonder sy wete aan hom oorhandig, om dit in die ander kamp af te gee.

En dit is op die volgende wyse gedoen: Die omslag van 'n brief, afkomstig van Diyatalawa, met die seëls en posmerk daarop word in die water gelê, die seëls daarvan afgehaal, en op 'n skoon enwelop geplak; die ontbrekende deel van die posmerk word dan sorgvuldig bygeteken en agterop word die Ragama-posmerk wat presies die grootte van 'n vyftig sent-stuk had, ook geteken.

Met die uitdeel van die briewe, word die geprepareerde brief aan die beampte oorhandig as 'n „verkeerde", wat hy dan sonder die minste suspiesie neem en in die kissie plaas, om in die ander kamp af te lewer aan die persoon vir wie dit bestemd is.

Maar aan alles kom 'n einde, en uiteindelik is die vrede in Mei 1902 verklaar, en die daarop volgende November het die burgers die lank geweierde deklarasie geteken, en kon hulle weer huiswaarts keer.

Die terugreis was taamlik voorspoedig, en die tiende dag, nadat hulle Colombo verlaat het, het hulle in Durban aangekom, met die verwagting om daar te land, maar dit was mis, want eers moes hulle Kaapstad-toe en van daar weer terug na Simonsbaai, waar hulle „getrok" geword het.

En *net maar ag dae* nadat hulle Simonsbaai verlaat het, het hulle hul wonings bereik.

PRETORIA

KAAPSTAD

J.G. ENGELA, 'N TERUGBLI

ZA 839.3633
ENGELA